Gauteng Departement van Onderwys

# BEKRONINGSBELEID

# (AKADEMIE)

# LAER VOLKSKOOL HEIDELBERG

1. **BEKRONINGSKRITERIA VIR AKADEMIE:**

- X Toekennings berus op die grondslag van volgehoue prestasie.
- X Geen toekennings sal op 'n ander basis as die hieronder beoordeel word nie.
- X Wysigings of toevoegings kan slegs deur die bekroningskomitee gedoen word.
- X Enige toekenning is 'n voorreg en kan onder bepaalde omstandighede deur die komitee teruggetrek word indien hulle dit as regverdig beskou. Na terugtrekking mag 'n leerder nie meer aanspraak maak op die dra van sulke toekennings nie.
- X Lapbalkies : Geen datum op. Vorm gekurf
- X Balkies kan eers aangekoop word by Volkie Vere nadat die bekroning afgehandel is en dit aangekondig is.
- X Leerders ontvang toekennings per sertifikaat by die bekroningsfunksie.
- X Balkie/Prestasie/Erekleure word genoem op die sertifikaat.
- X Balkie kom op skoolbaadjie.

| | | |
|---|---|---|
| Wit balkie | - | Balkie |
| Geel balkie | - | Prestasietoekenning |
| Goue balkie en koord | - | Erekleure |

2. **AKADEMIE**:

GRAAD 1 - 3:

Afrikaans HT, Engels FAL en Wiskunde - akademiese toekennings
(Leerders moet 'n 7 deur die jaar handhaaf in die vak/ke.)

GRAAD 4 -7:

Jaarpunt van leerders word gebruik m.a.w. Gemiddeld % van 1ste drie kwartale.

| | | |
|---|---|---|
| * Balkie | : | 80 - 84.9 % |
| * Prestasie: | : | 85 - 89.9 % |
| * Erekleure | : | 90 - 100 % |

**AKADEMIESE SPAN:**

Akademiese span se balkies word kwartaaliks toegeken aan die leerders met 'n gemiddelde persentasie van 85 % en hoër. Balkie mag slegs gedra word in die kwartaal waarin dit verwerf is. Leerders wat dit in die 4de kwartaal verwerf, dra die balkie in die eerste kwartaal van die volgende jaar.

**DUX-LEERDER:**

Leerder wat gesamentlik van Gr. 4-7 die hoogste prestasie behaal het – die leerders ontvang die akademiese medalje.